

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 1

> *Aan die gemeente van God in Korinte, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort … (1 Kor 1:2)*

Wat sien jy as jy na mense kyk? Kyk jy soos Jesus en Paulus?

Ons kry ’n mooi voorbeeld van hoe Jesus na mense gekyk het in die genesing van die blinde Bartimeus (Mark 10:46-52). Die mense het Bartimeus as ’n probleem gesien; Jesus kyk na hom en sien iemand wat Hom nodig het. Dís hoe Paulus ook gekyk het: met God se oë. Daarom sien hy mense vir wie Jesus aan die kruis gesterf het, mense in wie se lewens God aan die werk is. Dís sy eerste gedagte as hy na Korinte met al hulle probleme kyk (vers 2).
Om só te kyk, kom nie vanself nie. Dis iets waarin ons ons moet oefen – om mense te sien as mense vir wie God só liefhet dat Jesus vir hulle kom sterf het, en nie eerste as sondaars van wie ek niks hou nie.
Só word God se liefde en ontferming deur ons sigbaar in die wêreld. Só word ons ’n venster vir die wêreld om te sien hoe dit lyk waar Jesus Koning is.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

Hoofstuk van die dag: Inleiding tot Korintiërs

Hierdie kort video gee jou ’n goeie oorsig oor die brief:



Hoofstuk van die dag: Handelinge 28

> *Paulus het ’n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het, en hy het […] die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verhindering. (Hand 28:30-31)*

Hoekom het Lukas die verhaal van Handelinge só gestop? Wat het van Paulus geword? En van Petrus en die ander apostels – Johannes en Tomas, of bv Barnabas? Dis so al asof hy nie daarin belang stel om hulle verhale vir ons klaar te maak nie.
Ek dink Lukas sou sy kop geskud het as ons hom dié vrae gevra het. Hy sou gesê het: “Maar ek hét tog die verhaal klaar vertel!” Want in Hand 1:8 sê Jesus sy dissipels sal sy getuies wees tot in die uithoeke van die wêreld. En hier is Paulus nou in Rome, die uithoek van die destydse wêreld uit ’n Joodse oogpunt, en hy verkondig die evangelie met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verhindering.
In ’n sekere sin het Jesus se woorde aan sy dissipels net voor sy hemelvaart hiermee in vervulling gegaan. Die boodskap dat Jesus Christus Koning is, het nou selfs die hart van die destydse wêreld bereik.

Naskrif: Môre begin ons die Eerste brief aan die Korintiërs lees.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Psalm 14

Van die hemel af kyk die Here die mense deur om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil van God vra. (Ps 14:2)

God is lief vir mense, en Hy wil hulle graag ken. Daarom kyk Hy van die hemel af om te sien of daar enige mens is wat Hom soek en na sy wil vra, want Hy verlang daarna dat mense sal reageer as Hy na hulle uitreik.
Die tragedie waaroor die psalmis skryf, is dat niemand op aarde uit homself die Here soek om Hom te leer ken nie, nie eers een nie (vers 3). Die mens het sy rug op sy Skepper gedraai; meer nog, die mensdom vlug van Hom af weg, selfs al reik Hy in liefde uit na die mens.
Hoe kan enige iemand dan vir God ken? Net deur die weg wat God self voorsien het toe die Seun van God ’n mens geword het, Jesus Christus geword het (Joh 1:14). Deur Jesus se versoeningswerk op Golgota kan mense nou na God terugkeer (Rom 3:23-24). En, verseker die digter ons: God is aan die kant van die regverdiges (vers 5).
Die Here bly ons toevlug, ook vandag, te midde van onreg (vers 4).



Hoofstuk van die dag: Handelinge 26

> *Terwyl Paulus hom nog so verdedig, skreeu Festus: "Jy's mal, Paulus! jou groot geleerdheid maak jou mal!" (Hand 26:24)*

Festus se reaksie op Paulus se getuienis dat Christus uit die dood opgestaan het, is vandag nog die reaksie van mense wat staan en val by dit wat deur die wetenskap bewys kan word. Hulle dink ons wat glo, hou nie rekening met die werklikheid nie. Jesus se opstanding uit die dood en ook sy maagdelike geboorte is vir hulle 'n onoorkombare struikelblok.
As 'n mens doodeerlik is, ís dit 'n groot sprong om te glo, want dit plaas jou op die terrein van die misterie en die onbewysbare. Kortom, geloof berus nie op bewysbare feite nie (Heb 11:1). Die feit dat jy glo, is genade. Daarom is dit onmoontlik om iemand wat nie onbewysbare wil feite aanvaar nie, tot geloof te oortuig. Soos Festus sal so 'n persoon ongeraak bly met jou redenasies. Dis soos om pêrels voor die varke te gooi (Matt 7:6).
Moet ons dan maar handdoek ingooi en niks doen nie? Nee! Maar ons het die wysheid van die Gees nodig oor wanneer om te getuig en wanneer om te swyg. Oorlaai die ongelowige met liefde (vgl 1 Pet 3:2). En bid!



Hoofstuk van die dag: Handelinge 25

> *Ek kon egter nie vasstel dat hy iets gedoen het wat die doodstraf verdien nie. (Hand 25:25)*

Porcius Festus se bevinding oor die Joodse Raad se aanklag

teen Paulus (vers 25) was presies dieselfde as dié van Pontius Pilatus oor Jesus (Luk 23:4, 14) – onskuldig! Maar net soos Pilatus wat teen sy eie beterwete nie vir Jesus vrygelaat het nie, was Festus ook te lamsakkig om te handel volgens sy oortuiging. Interessant genoeg was daar hierdie keer ook ’n Herodes betrokke; dié keer Herodes Agrippa II (vers 13; by Jesus se verhoor was dit sy oom Herodes Antipas).
Dit is waar wat Jesus gesê het (Joh 15:20-21): sy volgelinge sal net soos Hy vervolg word. Ons sien dit in Paulus se lewe uitspel, en dit geld ook van ons. Ons behoort immers nie tot die wêreld nie; ons is vreemdelinge en bywoners op aarde (1 Pet 2:11). Daarom pas ons nie gemaklik in hier nie, en dit stel ons bloot aan vervolging (2 Tim 3:12). Vir ’n gelowige is dit egter nie ’n ramp nie, maar ’n bron van vreugde dat ons deel het aan Jesus se lyding (Jak 1:2). Dis alles deel van die manier waarop God ons vorm en geestelik laat groei (Jak 2:3-4).

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026